MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER MUNICIPALITY

POLICY 025/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **AANWYSING VAN ALTERNATIEWE LEDE VAN VASTE KOMITEES**

REFERENCE/VERWYSING: **3.1.3.1.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **13.28/04/2017** DATE/DATUM: **25 April 2017**

BELEIDSOOGMERK: Om te verseker dat waar Raadslede skriftelik met verskoning afwesig van 'n vergadering is, sodanige Raadslid 'n ander Raadslid moet aanwys om in sy/haar plek die vergadering by te woon, ten einde te verseker dat daar altyd 'n kworum by 'n vergadering teenwoordig is.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om orde reëlings te handhaaf.

RIGLYNE

1. Waar 'n Raadslid skriftelik verskoning aanteken om van 'n Komiteevergadering afwesig te wees, moet die betrokke Raadslid self reël dat 'n ander Raadslid, as plaasvervanger in sy plek, sodanige vergadering bywoon en die Munisipale Bestuurder, voor die aanvang van die vergadering, sodanig ingelig word.

2. Indien dit, teen die agtergrond van paragraaf 1, sou gebeur dat die Voorsitter en Ondervoorsitter van 'n vergadering afwesig is, moet die aanwesige lede, as dit 'n kworum vorm, self 'n Voorsitter vir die vergadering aanwys.

3. Raadslede, wat teen die agtergrond van paragraaf 1 en 2, vergaderings as plaasvervangers bywoon, moet die lid van die Komitee vir wie ingestaan word, oor die verrigtinge en besluite tydens die vergadering inlig.

4. Raadslede word versoek om, indien hulle teen die agtergrond van paragraaf 1, 'n plaasvervanger reël, te poog om te alle tye van dieselfde plaasvervanger by 'n betrokke vergadering gebruik te maak.

PROSEDURE

Alle Raadslede wat nie 'n vergadering kan bywoon nie of wat met amptelike sake afwesig is, moet skriftelik verskoning aanteken en in sodanige skrywe moet 'n sekundi vir die Raadslid vermeld word. Die plaasvervangende lid moet dan die Raadslid, in wie se plek hy/sy is, oor die verrigtinge tydens die vergadering inlig.

ROLLE

Alle Raadslede.
Kantoor van die Speaker.

VERWANTE BELEID
Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.